**<u>Skriflesing:</u>** 1 Timotheus 2: 8 -15
Teks: **1 Timotheus 2:11 - 12**
**Sing: VOORAF SANG – Sb.17-2 (18): 1,5,7**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 100: 1,2,4; Ps. 2:1,5; Ps. 86:6; Ps. 68:5,6**
**<u>1 Timotheus 2: 8 -15</u>**
1Ti 2:8 Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.
1Ti 2:9 Van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees. Hulle versiering moenie haarkapsels en goud of pêrels of duur klere wees nie,
1Ti 2:10 maar goeie werke, soos dit vroue betaam wat openlik bely dat hulle God dien.
1Ti 2:11 'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer.
1Ti 2:12 Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees.
1Ti 2:13 Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna.
1Ti 2:14 Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.
1Ti 2:15 Maar sy sal haar redding vind in moederskap, as sy maar volhard in geloof, liefde en 'n heilige lewe, en daarby beskeie bly.

**<u>Skriflesing:</u>** 1 Timotheus 2: 8 -15
Teks: **1 Timotheus 2:11 - 12**
**Sing: VOORAF SANG – Sb.17-2 (18): 1,5,7**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 100: 1,2,4; Ps. 2:1,5; Ps. 86:6; Ps. 68:5,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die reeks waarmee ons uit Timotheus besig is, bly die sentrale gedagte die woorde in 1 Timotheus 3 dat die kerk die huisgesin van God is. 1 Tim 3 vers 15 skryf Paulus - *5 Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God,4 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.* Die kerk as huisgesin van God staan in direkte verband op die wyse hoe God man en vrou ook na mekaar toe lei. Hoe man en vrou wat in liefde na mekaar gelei word tot 'n huwelik gebring word en uit daardie huwelik skenk God nog groter genade wanneer Hy wat die Here is vir ons kinders laat gebore word. 'n Vrou wat haar redding kan vier, ja haar redding is iets van 'n seëviering as dit God se wil is dat uit haar kinders gebore mag word.

***

Man en vrou wat één is word die mooiste en blywendste instelling wat daar seker op aarde kan wees om as huisgesinne op hierdie aarde te mag lewe. Daar kan op hierdie aarde sekerlik nie 'n mooier instelling en skepping vir mense wees as dit wat ons die huwelik noem. Hoe mooi word die huwelik dit wat God maak, (Christus doen sy eerste wonderwerk juis by 'n huwelik) wat deur die nouste bande van liefde één word en so word die verbande van huisgesinne ook weer tot groter eenheid gebring wat uiteindelik dan God se huisgesin, God se Kerk hier op aarde mag wees. Presies wat Paulus dan die kerk noem 'n *huishouding* van God, of soos die ouer vertalings noem die kerk *huis van God* of die 83-Vertl praat van die *huisgesin van God.*

***

Die huwelik kan alleen tussen een man en een vrou wees, laat ons daaroor ook geen twyfel saai nie. En soos wat ons weet Satan loop rond soos 'n brullende leeu, Satan sal sekerlik wat vir God die mooiste is, 'n gesonde en mooie huwelik sal Satan altyd ten doel stel om dit uitmekaar te wil breek. Van die Griekse name wat ons vir Satan in God se Woord hoor is dat hy is ook die *diabolos-* wat letterlik beteken om uitmekaar te gooi, om dit wat bymekaarhoort uitmekaar te breek, om wat God één gemaak het, in stukke te wil breek. Met hoeveel huwelike en gesinne het ons te make wat Satan sy doel bereik dat ons in Suid-Afrika die werklikheid moet aanvaar dat een uit elke drie huwelike in ons land maak dit nie. Dit word uitmekaargebreek. Die mooiste wat God gemaak het, man en vrou word bymekaargebring, hulle word één. Hier geld tog in besonder die woord dat wat God saamgevoeg het, mag ons as mense nie wil skei nie.

***

Die verstaan van 1 Timotheus 2 het alles te make met die verstaan van die huwelik en met die verstaan van God se Kerk as huisgesin. Die man as hoof van sy huis se hoofskap word iets van 'n verlenging wat nie los staan van wat in God se huis, God se huisgesin ook moet geld nie. Die man wat in alle opsigte 'n dienende hoofskap moet kan bedien om in diens van ons eintlik Hoof, Jesus Christus te mag staan. 'n Man se hoofskap is uiteindelik niks anders en beter as om 'n bediende vir Jesus Christus te wees nie. Dit is die gesag van Jesus Christus wat bedien moet word as manne hulle hoofskap in hulle huisgesinne en in God se huisgesin uitoefen.

Sulke geseënde hoofskap word nog groter as daar met die wonderlike seëning van God vanuit die huwelik kinders aan God se kerk toegevoeg word. Kinders in die verbond gebore, is kinders vir God se verlossing gebore wat 'n verseëling is ook van hulle moeders se verlossing as kinders so in en vanuit die kerk van die Here gebore word. In God se kerk mag daar geen twyfel wees dat Christus is Hoof van die Kerk. Christus verbind Homself mos met van die mooiste huweliksterme aan sy kerk dat die Kerk is sy bruid en Hy wil Bruidegom van sy kerk wees.

***

Kinders in 'n huisgesin toegevoeg word dan tegelyk 'n toevoeging tot God se huisgesin daardie dag as kindertjies in die Naam van God gedoop word. Daarom mag dit vir ons nie moeilik wees om as onderdane van Christus Hom as ons Hoof en Hom as ons Bruidegom te dien en te eer nie.

***

So was die begin van 1 Tim 2 ’n baie duidelike spreuke tot mans en vroue wat ook huisgesin van God is as hulle godsdienstig besig is. Mans en vroue wat in alle opsigte gelyk is, wanneer daar gebid moet word en hoe gereeld daar gebid moet word en vir wie daar gebid moet word. 1 Timotheus 2 se begin mag ons nie vir ’n oomblik vergeet van BID VIR ALLE MENSE. Dadelik het Paulus ook by die gebed wat tot alle mense tegelyk moet spreek, mans en vroue wat tegelyk moet bid die vraag na gesag na vore begin bring. Ons moet bid vir dié wat gesag moet uitoefen. Die gebed vir die regering het Paulus spesifiek na vore laat kom. Gesag wat ook van God afkom. U sal onthou dat ons selfs nie mag ophou bid vir ’n regering wat al is die regering hoe vrotsig sleg, wil God hulle nie van ons gebede uitsluit nie. Dit is moeilik maar dit is noodsaaklik. God wil dat alle mense gered word en tot kennis van die saligheid kom (vgl. weer 1 Tim 2:4).

Ons moet eintlik mos maar net doen wat God van ons eis. Ook as Paulus sy sendingopdrag nie anders sien (vgl. 1 Tim 2:7) as dat hy is aangestel as prediker en apostel. Hy sien homself as ’n leraar wat ook die heidennasies moet onderrig en die boodskap van die geloof en die waarheid moet aan alle mense gebring word, maak nie saak of hulle mans of vrouens is nie. As Paulus na hierdie dinge verwys dan bedoel hy beslis nie ’n hoofskap wat hom hoër as ander mense, selfs hoër as vroue stel nie. In die opsig is mans en vroue ook weer volkome gelyk vóór God. In die sake rondom die gebed, in die sake rondom die regering, in die sake rondom die inhoud van ons geloof en die boodskap van vers 4 van God se wil *dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.* Ook hier geen onderskeid tussen mans en vroue nie. So staan mans en vroue in 1 Tim 2 volkome gelyk tot en met vers 7.

***

En dan kom 1 Tim 2 en het ons dit al met die vorige preek ligtelik aangeraak. Vers 8 sien mans godsdienstig tot God nader as ons lees ... *8 Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.* Duidelik het ons hier te make met wat binne ’n erediens moet gebeur en geld. Alles wat vanaf vv 8-15 handel is sake vir binne ’n erediens. Mans en vroue se plekke en voorkoms en hulle se verantwoordelikheid wanneer mans en vroue hulle amptelik moet voorberei wanneer hulle God in ’n erediens wil en kan ontmoet. Daardie amptelike ontmoeting van God met sy kinders, wat ons ’n erediens mag noem. Paulus praat duidelik van ’n plek van samekoms

***

Vir God is mans en vroue ewe belangrik, tog as God met sy huisgesin handel dan handel Hy nie anders as wat Hy wat God is ook met sy instelling nl. die huwelik handel nie. Met die

huwelik in God se Naam mag daar nie twyfel wees dat die man hoof van sy huis moet en kan wees. ’n Man wat nie sy eie huisgesin goed kan regeer nie mag ook nie vir God ouderling of diaken wees nie. Daarbý sal Timotheus ons nog bring. Tog waar dit gaan om die hoof van die huis wat biddend en amptelik ’n erediens tot plek wil bring, hulle wat op elke plek kan bid, maar nou word die plek ’n heilige saak. Daar waar woede en rusie uitgesluit moet wees, God moet voor oë wees, Hy moet sentraal staan. Daar moet vroue in hulle kleredrag, in hulle voorkoms, in hulle rol as vroue in God se kerk daar moet hulle vers 9 ook kan uitleef. Hulle uiterlike moet ook hulle innerlike weerspieël. Ek lees die 2020 Vert. *9 So ook moet die vroue hulleself versier met behoorlike kleredrag, beskeie en sober, nie met haarvlegsels en goud of pêrels of duur klere nie, 10 maar – soos dit vroue pas wat bely dat hulle God aanbid – met goeie werke.*

***

Die feit is, die plek van aanbidding, wat enige plek kan wees, *op elke plek* stel van die vertalings dit, daar kyk God op ’n besondere manier na ’n man, daar kyk God op ’n besondere manier na ’n vrou. ’n Man wat met erns bid, sy arms en hande getuig daarvan, soos hy bid, sy gesindheid is nie besoedel met woede en rusie nie. Die gelowige vrou lyk ook anders as die vroue van die wêreld. Nie uitlokkend, selfgesentreerd, uitspattig mag sy wees deur in die kerk van God die aandag op haar te wil vestig nie. Aanbidding moet tot God wees en dan moet die mens, man en vrou eintlik klein word vóór God. Ons moet op die agtergrond wegraak as daar biddend in ’n samekoms, op watter plek ook al tot God genader word.

***

Ons mag die teks nie uit verband ruk deur te wil maak asof vroue nie op hulle voorkoms moet let in God se kerk nie. Natuurlik moet hulle netjies wees, in alles die skoonheid uitdra tot eer van God. Skoonheid wat God in alle geval vir die vrou gegee het, moet weer tot eer van God wees. ’n Skoonheid en netheid wat uniek is aan die mooie wat God die vrou mee beklee. Paulus bedoel beslis nie dat daar geen versiering, geen haarvlegsel, geen juweel mag wees nie, maar wanneer die hare en juwele en halse die botoon begin voer, mooi hare en juwele en daar word meer daarna gekyk as wat daar na die Woord van God geluister word. Dan word dit die probleem! Soos wat ons later dit beslis ook goed moet verstaan dat vroue wat nie kinders in die wêreld gebring het nie, kan beslis ook gered word. As ons in vers 15 lees, vroue sal verlos word *te midde van kindergeboorte,* of die 83 vertaling stel dit - *sy sal haar redding vind in moederskap,* of die 1933 ’53 Vertl stel dit direk- *15 Maar sy sal gered word deur kinders te baar ...* dan beteken dit nie vir ’n oomblik dat ’n kinderlose vrou nie gered kan word nie. Hoegenaamd nie, maar daar is ’n besondere verseëling, ’n besondere band wat

moeders in God se kerk kan indra wat mans nie kan doen nie, deur kinders in God se kerk gebore te laat word, wat geen man op aarde uit homself kan doen nie.

***

As Paulus van vroue se versiering praat en selfs hulle baarmoeder, dan bedoel hy die mooie van 'n werklike mooi vrou is nie die uiterlike nie, maar die innerlike. Die stille innerlike wat geen man 'n ware vrou of 'n mooie moeder kan nadoen nie. In haar hele wese, tot sovêr as wat haar innerlike van lewe kan spreek, tot in haar baarmoeder, die begin van 'n fetus se lewe, daar wil sy aan Christus, haar eintlike Man diensbaar wees. As sy kinders in God se huisgesin gebore laat word, vanuit haar huisgesin, dan is hulle inderdaad Christus se kinders wat sy vir Hom hierdie huisgesin van God laat inkom.

***

En dan is dit beslis nie verkleinerend vir vroue as Paulus dit vanuit God se skeppingsorde dit duidelik stel- *Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees. 13 Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. 14 Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.* Dit is 'n moeilike teks maar kom dit in die regte verbande en in die regte konteks tot sy reg word dit 'n aangrypende teks. Die verband waarin alles staan is twee dinge. Dit gaan om die huisgesin van God, waar God dit nie vreemd vind dat mans hoofde van hulle vroue in die huwelik moet en kan wees moet hulle dit tog ook in God se huisgesin nl. sy kerk kan wees. 'n Man wat in sy huisgesin goed kan regeer moet iemand kan word wat ook in die kerk goed kan regeer. God lê Self deur monde van Paulus hierdie verbande.

***

'n Man wat goed regeer is 'n man wat na Christus opkyk. So 'n man is iemand wat hom nie skaam as dit tyd geword het hy by wyse van spreuke sy bokleed sal uittrek en almal wat in sy huis is se vuil voete te was nie. Sy vrou se voete met sy bokleed afdroog as dit daarop aankom. 'n Man wat sy hoofskap nie as status of as baasskap of as 'n tipe wêreldse posisie tipeer nie, so asof hy hiërargies in 'n posisie hoër as vroue staan nie. So asof hoofskap 'n outoritêre mag beteken wat mans hulleself oor alle vroue mag toe-eien want God het hulle daardie mag gegee. Wie dit vandag dink is vêr verwyder van Christus, is baie vêr verwyder van hoe Christus sy gesag en sy hoofskap in sy kerk laat geld. Christus is die Hoof wat sy gesag laat geld het deur Dienaar te wees en nie baas nie.

As dit gaan om die ampte in God se kerk, dan is dit beslis nie iets wat mans hulleself in posisies bevind hoër as enige ander mens in die Here se kerk nie. 'n Man wat 'n goeie hoof

is van sy huis en wat iets van hierdie hoofskap ook aan Christus diensbaar stel deur vir Christus ouderling of diaken in sy kerk te wees is man wat alles ten doel stel om aan Christus op 'n besondere wyse diensbaar te wil wees. Ons het dit al herhaaldelik wou beklemtoon. Daarom is dit dalk soms heel beter om nie van die ampte in God se kerk te praat nie, maar die dienste as ons na ouderlinge en diakens wil verwys.

***

Ons het gesê vv 11 – 14 gaan om twee dinge, dit gaan om 'n man wat in sy huwelik hoof moet wees, sy gesag is die regte toepassing van hoofskap, maar dit gaan ook om die skeppingsorde. En as die vrou in die erediens nie leiding mag neem nie, sy mag nie ouderling of leraar wees tot hierdie besondere diens geroep nie dan wil Paulus haar beslis nie verkleineer nie. Die Here sal nooit enige van sy kinders verkleineer nie. Die man se hoofskap wat vanaf Adam geld is in die verbond van God gesetel en word steeds so tot orde gebring. As Adam werklik sy huis met Eva goed regeer het, dan was daar nie 'n sondeval nie.

As Eva alleen geval het en Adam was bereid om haar reg te help, weg te lei, weg van die boom en wat alles daarmee sou saamgaan dan het die hele wêreld nie in sonde geval nie, want die eerste verbondshoof was Adam en in hom het die hele kerk van God se verbondenheid gelê. Tog het Eva Adam tot hierdie sonde uitgedaag en Adam het geëet en het saam met haar geval. As Paulus sê *Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. 14 Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.* Adam word beslis nie self geprys nie, maar die feit is hy was eerste gemaak, hy was verbondshoof maar hy het daarvan 'n gemors gemaak. Die vrou was leidinggewend in die sonde en dit is wat sy nie moes wees nie. Sy het die man anders wou leer waar die man dit nie moes toelaat nie.

***

In die erediens moet sy nie leidinggewend wil wees nie, want word dit elke keer 'n skerpe herhaling van die uitdaging wat die skeppingsorde so 'n wonderlike orde gemaak het, maar maak die mens daarvan 'n gemors dan word dit 'n groot gemors. Die Here stel dit 'n vrou moet haar stilweg laat onderrig waar die man ook een moet wees wat hom laat onderrig het voor hy sy vrou kan onderrig en leiding kan neem. Ons moet altyd bereid wees om nog weer te leer. Net vóór Jesus van die aarde na die hemel opgevaar het, was dit deel van sy sendingopdrag- *leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Daarom moet vroue wat in die huisgesinne en in kategese klasse kinders onderrig, moet hulle vroue wees wat vóór hulle kan onderrig, moes hulle hul tydens die erediens in stilte laat onderrig het deur mans wat moet doen wat Christus van hulle verwag en wat Christus hulle leer. As die Here sê *Ek laat nie toe dat 'n vrou onderrig gee, of oor 'n man gesag uitoefen nie* dan geld dit vir binne die erediens waar vroue onder toesig van die ouderlinge in 'n erediens bymekaar is. 'n Ouderling is dan juis die man wat ons later in 1 Tim 5 vers 17 ook staan... *17 Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee.* Hierdie regeer ouderlinge en dan ook die leer ouderlinge, m.a.w. die predikante vorm saam 'n kerkraad. Ouderlinge moet weet wat regtig onder bediening van gesag bedoel word, wat dit is om jou eie huis goed te regeer voor jy in God se huis God se regering mag bedien. Nooit mag hierdie gesag iets anders word gewoon as om die Here se gesag te bedien nie, binne die erediens maar ook buite die erediens, ja waar die man hoof is van sy huis is al gesag wat ook daar moet geld die bediening van Christus se gesag.

***

Mag dit wat ons vandag gehoor het vir u die geheel van God se skeppingsorde na vore bring. Ook mag dit steeds die deurslag gee, ook in die GKSA se byna 40 jarige lange stryd hoekom vroue nie predikante en ouderlinge mag word nie, al is die stryd hier rondom nog lankal nie verby nie. Dikwels voel dit my daar gaan net nooit rus hier rondom kom nie en sal voorstanders van vroulike predikante en ouderlinge net aanhou en aanhou tot hulle hul sin gekry het, met die wrange vrugte hiervan ten spyt wat ons reeds in ander kerkverbande nie mag miskyk nie.

***

In die huidige omgewing waar ek gedwing is om naby gesprekke met die NG Kerk en Hervormde Kerk te voer as voorsitter van die huidige deputate ekumeniese sake in ons kerkverband het van die NG broeders my op hulle sinode van verlede jaar Oktober maand laat verstaan die toelating van vroulike predikante was eintlik die inleiding op wat by hulle nou 'n groot geskil is, nl. die verstaan van die huwelik. Waar sommige nou selfs glo mans mag met mans trou, vroue met vroue. Dit is eintlik net 'n 'n lettertjie wat bygekom het. Die gesag-vraag rondom die ampte het net die lettertjie l bygekry. Dit het geword die geslag vraag wat mense laat glo daar mag so iets wees soos 'n gay-huwelik of 'n lesbiese huwelik, al wil hulle dit nie regtig kerklik huwelik noem nie. Wat veronderstel dit anders as dat mans met mans en vroue met vrou in 'n omgewing kerklik toegelaat mag word om seksueel een te word. Die wêreld het in baie opsigte so 'n siek plek geword en die kerk het dit hoegenaamd

nie kon vryspring nie.  Ons besef as mans en u as vroue, mag u dit ook besef, wanneer daar aan God se orde, ook genoem die skeppingsorde gekarring word, dan is die sondeval van Genesis 3 eintlik maar net nog elke keer waar 'n diepe val, waar geen mens homself/haarself kan uithelp nie.

AMEN